

Vervangingsooie: Die toekoms van jou kudde

Nuusbrief – Augustus 2018

Stephan Louw

Die oikudde is die kuddeboer se belangrikste bate omdat sy grootste inkomste, naamlik wol en vleis, hieruit gegeneer word. Die seleksie van vervangingsooie moet dus maksimum wins verseker wat dan ook die doeltreffendheid van die bestaande kudde noemenswaardig sal beïnvloed.

Die gebruik van 'n rekordhouding sisteem is dus van uiterste belang om te verseker dat die regte diere (vervangingsooie) die kudde uiteindelik betree en so jou produksie en ook uiteindelijke wins 'n hupstoot gee. 'n Beproefde en belangrike praktyk in veeboerdery is om jaarliks 25% tot 30% van die oikudde met jong vervangingsooie te vervang.

Die voordele wat bogenoemde inhou vir jou kudde is:

- a) Die oikudde se gemiddelde ouderdom neem af
- b) Vervang ouer diere waarvan die produksie en reproduksie alreeds begin afneem het
- c) Verbeter die kudde se gehalte voortdurend

Die twee seleksiemetodes wat meestal deur kuddeboere gebruik word is:

1. Die hand-en-oog metode waar die boer gewoonlike deur 'n tegniese skaap-en-wol deskundige bygestaan word om sodoende die beste vervangingsooie te identifiseer. Ooie word volgens bouwvorm, en in die

geval van wol skape, ook op wol-eienskappe geklas en geselekteer tot die verlangde persentasie van 25% tot 30% vervangingsooie oorbly.

2. Prestasie toetsing kan ook gebruik word om belangrike wol eienskappe in wol rasse te meet. Wol word na die eerste skeersel geweeg en 'n wolmonster word ontleed vir o.a. lengte, treksterkte, skoonopbrengs, veseldikte, ens. Die ooie word ook geweeg en op bouwvorm geklas om sodoende by die 25% tot 30% vervangings persentasie te kom.



Die doeltreffendheid van die toekomstige ooi in die kudde begin alreeds in die baarmoeder as 'n fetus. Die regte voeding het 'n groot impak op die toekomstige vrugbaarheid en prestasie van die vervangingsooi in die boer se kudde. Dit is belangrik om in die laaste 6 weke van dragtigheid 'n hoë gehalte deurvloei proteïen aanvulling aan die dragtige ooi te verskaf. Die effek van die byvoeding sal verseker dat sy haar kondisie behou asook belangrike nutrieënte aan die fetus kan voorsien. Met goeie voeding aan die ooi en so ook indirek aan die fetus kan ovum ontwikkeling van die

fetus optimaal plaasvind wat 'n direkte impak op toekomstige vrugbaarheid van daardie lam sal hê. Tesame met verhoogde vrugbaarheid, het 'n hoë kwaliteit deurvloei proteïen-lek soos Veekos se Superlammerooi lek 'n positiewe invloed op geboorte gewig, wolfollikel ontwikkeling (verhoog toekomstige wolproduksie) en uiteindelijke vrugbaarheid op die lam wat gebore word. Bogenoemde lek is bekend daarvoor dat dit die dragtige ooi in 'n goeie liggaams kondisie hou en goeie bies-en-melkproduksie verseker wat die lam 'n groter kans op oorlewing en toekomstige prestasie gee.

Die uitgroei van vervangsooie is van uiterste belang om toekomstige prestasie en doeltreffendheid in die kudde te verseker. Dit is belangrik om jong diere goed uit te groei en nie te vet te voer nie. Vet wat neerslaan om die gelagsorgane kan vrugbaarheid van die diere noemenswaardig laat afneem. Veekos se Kruipevee verseker uitstekende groei met die fokus op spier ontwikkeling eerder as vet neerlegging en die goeie uitgroei van lammers.

Om 'n hoë lampersentasie te verseker, moet jongooie vanaf speen voortdurend groei en in opwaartse groeikurve wees voor paring. Paring kan geskied as die vervangingsooie 'n liggamsmassa van 65% tot 75% van hul volwasse massa bereik. Dit is belangrik dat daar gelet moet word dat jongooie nie in die laaste 6 maande voor paring gewig verliese toon nie aangesien dit 'n betekenisvolle verlaging in besetting en so ook lampersentasie kan hê.

Die optimale uitgroei van vervangingsooie is noodsaaklik, want die massa wat 'n jongooi met tweetand bereik, bepaal haar uiteindelijke grootte en produksie. Jongooie moet gevolglik altyd 'n hoë gehalte byvoeding, soos Veekos

se Superlammerooi lek, vanaf speen tot 30 dae na eerste paring ontvang waarna hulle by die volwasse ooie se voedingsprogram ingeskakel kan word.

Die sukses van toekomstige skaapboerdery hang van die kwaliteit vervangingsooie wat die boer in sy kudde hou af. Dit is belangrik dat daar goed omgesien word na die genetika wat jou kudde in die toekoms na verdere hoogtes moet vat.

Deur goeie voeding tesame met streng seleksie vir vrugbaarheid en produksie kan elke boerdery 'n suksesverhaal wees.

